

**‘n Preek vir Kersfees**  
**Lukas 2:8 - 20 - Die Herders.**  
**Ds Andries Combrink - dis net ‘n preekskets!!**

**Vers 9 - meteens staan daar ‘n Engel van die Here by hulle.**

Let op die kontras wat Lukas vir ons skep in die konteks:  
Keiser Augustus en goewerneur Sirenius; keiserlike dekreet / volkstelling en Romeinse belastings aan die een kant.

Josef - arm timmerman van ‘n onbelangrike dorpie in Judea; Maria, ‘n jong maagd uit die armste van die families in Nasaret, ‘n plek waarvan die mense gesê het: kan daar iets goeds / belangriks uit Nasaret kom; hulle bly in ‘n stal oor, Jesus se wiegie is ‘n krip, geen plek in die herberg waar die belangrikstes bedien word nie - sy het nie eers ‘n vroedvrou nie; draai Hom toe in gebruikte lappe waarsonder sy nou moet klaarkom ...

Sien die verskil hoe God na dinge kyk en hoe ons mense dit sien.

Wat vir ons belangrik is en waarop ons ag slaan en wat ons dade beïnvloed - wat God in ag neem.

Mag, aansien, geld, agtergrond, kultuur, wie is jy? Waar kom jy vandaan? Hoe belangrik is jou werk, kwalifikasies, stand, aansien? Die belangrike mense in hierdie beskrywing is maar die pionne in die geskiedenis sodat die profesieë vervul sou word.

**Hoof karakters almal mense in ‘n besondere vorm van aardse nood!**

Finansiële vermoëns?

Swanger en moet kraam?

Invloed?

Herders - die onaantasbares!

Jesus kom nie red op enige van die maniere of wyses waarop ons redding en oplossings wil bewerk nie. Jesus se waardes is anders; Die hemel sien dinge anders as ons. Die engele word gestuur volgens ‘n hemelse waardestelsel na herders in die veld!

Was dit ‘n romantiese kersfeeskaartjie prentjie / skool opvoering met herders wat blinkskoon geskrop en lipstiffie en grimering aan by ‘n silwerskoon stal inkom en liedjies sing wat hulle ‘n duisend keer ge-oefen het? NEE In die veld; gebad, versorg, oulik? Nee, - alles hier skreeu, van ontbering, armoede, ellende, mensverlatenheid.

Is Jesus dan die Christus van net die armes? Nee - in sy graf lê hy op uitnodiging van die multi miljoener Josef van Arimatea.

En aan Nikodemus verduidelik Hy die leer van die wedergeboorte.

**Wat is die belang dan van hierdie prentjie wat Lukas vir ons skilder - wat wil hy vir ons sê: GOD HET ANDER STANDAARDE!**

Die wat Hy bereik het een ding in gemeen - Geloof in die Christuskind wat vir hulle gebore is!

Waar is Augustus, Serinius, die belangrike mense wat in die herberg deur bediendes bedien is, die vooraanstaande jongvroue wat geboorte gegee het met die hulp van vroedvroue en dalk selfs ‘n dokter? As hulle Jesus nie leerken het as Redder en Saligmaker nie, is hulle vandag almal verlore.

Josef - dra 'n kroon van eer in die hemel!

Maria - ek wil nie eers spekuleer watter plek Jesus vir haar en sy hemelse koninkryk het nie. Ten minste vreugde en ewige redding.

Herders en elke ander gelowige vir wie die geboorte van Christus 'n geboorte in hulle plek was, vir hulle redding was - is in die hemel.

Waar is Jesus vandag? Aan die regterhand van die Vader! Met alle mag in die Hemel en op die aarde! Aan Hom is gegee die volle heerlikheid van God!

**Met wie identifiseer jy in die Kersverhaal! Soos wie is jy die meeste!**

God se genade geskenk is geloof! Geloof lei tot daade wat God verheerlik en sy koninkryk laat kom. Geloof lei tot redding.

Dit was 'n goeie tyding van groot blydskap!

Vir die hele volk

Profesië is vervul - in die stad van Dawid - Bethlehem.

Hy is Verlosser, Christus, die Here!

**'n Prediker uit die Hemel word geglo!**

Die hemel kan die vreugde nie binne hou wat daardie nag losbreek nie Herders sien die ontelbare hemelse skare sing!

**Wat beteken dit alles:**

- Geloof maak die verskil!
- Hulle sien die heerlikheid van die Here
- Hulle reageer op die preek
- Hulle stel ondersoek in
- hulle maak dit hulle eie
- hulle sien en herken God se tekens / sonder twyfel of bevraagtekening
- Hulle vertel vir almal.
- Maria het alles in haar hart bewaar
- Hulle gaan terug na hulle gewone lewe as mense wat weet:
- **DAT JESUS VIR HULLE GEBORE IS.**

Die boodskap was: Dat **vir julle** vandag gebore is !

**Vir jou** gebore is !

Glo jy dat Jesus vir jou gebore is ! Dawid sê ons is in sondes ontvang en onder oordeel gebore (PS. 51)

**Maar Jesus se geboorte is nou my geboorte!**

In my plek is Hy gebore.

Ek is nou 'n nuwe mens.

Ek moet nou meet met God se maatstawwe.

Die vraag oor wie ek is nie meer 'n **UITERLIKE** vraag nie!

Die vraag oor my naaste ook nie! Elke gelowige wat glo dat Jesus vir hom gebore is, ken God as sy Vader en Jesus as sy broer. Dink soos God oor die wêreld. Gaan maak dissipels van al die nasies!

As God my liefhet ten spyte van wie ek is, moet ek my naaste lief hê ten spyte van wie hy of sy is! God sien die hart aan! Ons moet ook na die hart kyk.

(Joh) Hoe kan ek God liefhê as ek nie my broer liefhet wie se nood ek kan sien nie?  
Is Centurion vir God 'n belangriker prioriteit as Mabopane of Maputo! New York meer indrukwekkend as Gasa in Palestina. Is Hy nie juis in die vaal Palestynse dorpie Bethlehem gebore nie?

Geloof maak dat die Kersverhaal meer word as sentimentele geskiedenis!  
Dit word 'n geloofwaarheid vir my!  
Dat Jesus vir my gebore is en ek daarom in die huishouding van God gebore is.  
Wat vra Jesus van my: My gesindheid. My prioriteite. my lewensdoelwitte.

My prioriteite is soos syne, nou sy Kerk en Koninkryk.  
Watter gemeente maak Hom bly? Die een met goud versier of my kollega in Zimbabwe wat vanoggend onder 'n boom staan en preek? Wat is vir God belangrik?  
Hoe gaan ek terug na my werksplek na die vakansie! Nadat ek hierdie preek gehoor en die Engele hoor sing het!

Hoe voel ek oor Jesus wat vir my gebore is? Oor my broers en susters en oor die verlore wêreld!  
Wat tel vir my? Wat is vir my die belangrikste? Die statussimbole van die wêreld of die genade van God?

**Lukas 2 sê God kyk anders na die wêreld as mense - die skokkende is dit: As ek sê God is my Vader moet ek na die wêreld kyk soos God, anders is ek 'n leuenaar. Anders het die feit dat Jesus vir my gebore is geen verskil aan my lewe gemaak nie.**

Kies ek vir die rykdom van Keiser Augustus of die reddingsgenade van God?  
Die mag van Serinius of die almag van Jesus aan die regterhand van die Vader?  
Volgens watter waardes leef ek?

Gee ek aan die keiser wat die keiser toekom - en aan God wat God toekom.  
Waarvoor sloof ek my af? Waarin belê ek my energie, tyd en talente?  
Wie dien ek met my lewe?  
Wat dink God van my?

Dit is die Woord van God.  
Dank God vir sy Woord.  
Amen